# Ramshoring

*Waar julle ook al die Ramshoring hoor blaas daar moet julle saamtrek. Nehemia 4v20*

Mei 2020
Jaargang 36 Nr 2

# VERNUWENDE GEDAGTE



## Inhoudsopgawe

1. **Brief van die Redaksie**
2. **Vernuwe jou gedagtes**

- Gedagtes het gevolge - Carina Du Preez
- Afgode in die Kerk -Daleen Venter
- Chaos tot geloof- George le Roux
- Virus deur die oë van 'n kind – Johann Meintjies
- Vernuwe kinders se gedagtes – Annetjie Potgieter
- Waarheen nou in die onderwys – Alda Erasmus

3. **Nuus uit die gemeente**

- Verjaarsdae
- Bones van der Linde
- Phillip en Elzaan troue
- Kleinkinders
- Diaken verslag –Andries Buys

4. **Grapkas**

- Maskers moet hul dra – Jaco Venter
- Is jy gereed hiervoor Juffrou – Alda Erasmus

5. **Kreatiwiteit**

- Kreatiewe fotografie
- Kreatiewe speel
- Kreatiewe Koek versier

Die inhoud van die artikels in hierdie blaadjie, is die standpunt van die skrywer en nie noodwendig die standpunt van die Gereformeerde Kerk Thabazimbi nie.

## Brief van die Redaksie

Ek het die redaksie brief van hierdie jaar se eerste uitgawe gaan lees. Daarin noem ek dat ons altyd gedink het die jaar 2020 is so ver in die toekoms en dat dit soos iets uit 'n "movie" gaan wees. Skaars 'n maand na die uitgawe leef ons in 'n onrealistiese wêreld wat ons nie eers in ons wildste drome sou kon uitdink nie. Die spoed waarteen goed gebeur is skrikwekkend. Nuus van vanoggend is vanmiddag ou nuus en nie meer van toepassing. Conspiracy theories word deur meer mense ooit as waarheid verkondig. Vrees was nog nooit so tasbaar en so skrikwekkend soos nou.

Ons kan baie plekke gaan soek vir slegte nuus maar ek wil graag hierdie spasie gebruik om op positiewe nuus te fokus.

'n Grendel tydperk word aangekondig en die hele wêreld kom letterlik tot stilstand. Die negatiewe gevolge is skrikwekkend. Tussen die tuimelende markte, hongersnood, werkloosheid, geweld, korrupsie en dood lees ek die volgende goeie nuus:

Op die Kaapse vlakte is daar 'n man bekend as die Bende pastoor. Hy kry dit reg om al die bendes te oorreed om saam met hom kos vir die hongeres uit te deel. Hy het 'n ligte trokkie en die geharde bende manne span saam en werk sistematies om geskenkte kos uit te deel in dieselfde areas waar hul bendes gewoonlik 'n skrikbewind voer. Daar is groot kritiek en pessimisme oor dit want ons praat hier van moordenaars, rowers en kapers wat nou met bietjie liefdadigheids werk engeltjies wil word?

Ek sien 'n venster tyd. 'n Klein tydjie wat God gee vir hierdie pastoor om Sy woord hande en voete te gee. Wat as in hierdie tydjie daai een kind van God die kans gegee word om op te hou met dit waarmee hy besig is en na God te draai? Wat as hierdie tydelike skietstilstand genesing bring, vars insig bring, nuwe begrip en vars gedagtes bring?

Tydens die eerste paar weke van die Lockdown het 'n hele paar lande Aborsie klinieke toegemaak omdat dit nie as 'n basiese mediese diens beskou is nie. Dit het nie lank gehou nie. Maar my vraag is...wat as dit net vir een persoon 'n kans gegee het om weer te dink? Wat as dit die dokters en mediese persone betrokke kans gegee het om te heroorweeg waarmee hul besig is. Ons sal dalk nooit weet nie. Maar ek die ewige Optimis wil glo in daai klein venster periode is lewens gered.



Die koop van Alkohol en sigarette word verbied. Al is ek nie 'n roker of drinker nie bloei my hart vir elke verslaafde wat nou sonder sy sigarette en drank moet wees sonder vooraf waarskuwing. Die fisiese gevolge op die lyf is skrikwekkend. Maar ek sien hoe die roker en drinker wat niemand ooit skade gedoen het nie maar in sy hart sy troos in sigarette en drank gevind het vir die eerste keer gekonfronteer word: Soek ek my troos in 'n dooie ding of in God? Is hierdie "dooie" goed werklik so belangrik vir my dat my persoonlikheid verander ten slegste as ek nie tyd saam met my verslawing kan spandeer nie? Natuurlik is hierdie vraag vir my en die wat nie rook of drink nie ook relevant as dit by ons vryheid van beweging, ons finansies, oefening, ons vertroue op aardse goed en ons werke kom. Ek sien dus weer 'n kort vensterperiode wat ons kans kry om nuut te dink oor wat belangrik is in ons lewe.

Ons sien oor die hele wêreld heen hoe gesinne weer tyd saam spandeer. Ek lees waar 'n ouer sê dat die kinders moeg gespeel is aan die TV en computer spelletjies en dat hul buite wil speel. Ouers leer soveel van hul kinders ken. Hul spandeer meer tyd saam as ooit.

Ek sien hoe mense wat God op 'n afstand aanbid het nou na God begin soek. Die selfoon toepassing YouVersion waar jy Bybels kan aflaai en Bybelstudies kan doen het in die grendel tyd gegroei met 54 persent in vergelyke met verlede jaar. Net om 'n idee te gee tydens die Paasweek het 14.1 Miljoen mense Bybelversies vanaf die toep gedeel wat dit 30 persent meer maak as verlede jaar.

Dit verstom my om te sien hoe entrepreneurs opskiet. Binne dae kan jy maskers, ontsmettings middels, "no touch " ontsmettings kontrepsies en jy noem maar op by elke tweede ou koop. Aanlyn verkope kry 'n nuwe dimensie, Zoom vergaderings, kursusse, klasse skiet soos paddastoele op. 'n Hele klomp mense het net nuut begin dink en die kanse aangegryp wat hul nie sou gehad het voor die VIRUS nie.

Hierdie is net 'n paar van die positiewe dinge wat ons sien gebeur. Die groot plus punt vir my is dat as mens jou fokus van die finansiële verlies (Wat wêreldse sukses is) afhaal dan sien ons die bonus vir God se koninkryk. Ek glo dat God hierdie negatiewe kan draai tot Sy eer. Ons moet dit net soek. Ons fokus moet op GOD wees en nie op die wêreldse goed hier om ons nie. NOU MEER AS OOIT.

In hierdie uitgawe fokus ons daarop om jou gedagtes te vernuwe. Om nuut te dink. Om te verander. Ons het n fantastiese skrywe van Carina du Preez met 'n plan ingesluit oor hoe jy toksiese gedagtes kan verander. As jy al ooit gesê het "

Ek wil so graag anders dink maar weet nie hoe nie" Hier is nou 'n plan van aksie. Dit is 'n eenvoudige plan maar verg deursettings vermoë. Soos ons nou gesien het, kan al die planne wat ons maak en al die energie wat ons opgebruik op dinge wat op hierdie lewe gefokus is ons nie help wanneer krisisse tref nie. Hoekom dan nie maar nou al jou energie insit in hierdie gedagtes veranderings plan en werk aan eienskappe wat jou gaan help in die EWIGE LEWE nie?

Ons het 'n wonderlike artikel van George Le Roux waar veranderde gedagtes prakties geleef is. Waar jul sal sien as jul fyn lees die riglyne van die brein detox toegepas word en soos jul sal sien in sy verhaal het sy harde werk om te verander pragtige vrugte opgelewer.

Ons het 'n passievolle bydra van Annetjie Potgieter oor hoe om kinders met liefde te help om nuwe dinge aan te leer. Ons is ook geseën met 'n klompie foto's van Oumas en Oupas en hul pragtige kleinkinders. Ons word lekker bederf met heelwat kreatiewe projekte wat ons kan aanpak en 'n koek versiering wat spesiaal vir hierdie uitgawe gedoen is.

Ons voorblad is 'n sonsopkoms oor Johannesburg. Wanneer die son opkom soggens kry ons weer 'n kans om 'n dag nuut en oor te begin. Wanneer die son opkom groei plante. Wanneer die son opkom verdryf dit die donker. Met elke sonsopkoms kry ons kans om nuut te dink. Kry ons kans om te groei. Kom ons sien hierdie tyd waarin ons nou is as 'n NUWE sonsopkoms. 'n Nuwe kans. Kom ons dink nuut. Kom ons mors nie hierdie nuwe dag op ou goed van gister wat nie meer werk nie. Kom ons groei. Kom ons groei nader aan God.

My uitdaging aan jou is : Noudat jy stil geword het en gesien het hoeveel dinge in ons lewe onnodig is. Noudat alles 'n hele ander perspektief het. Gaan jy as ons weer "NORMAAL" kan lewe, net weer die drade daar optel en aangaan?
Ek daag jou uit om nou te besluit wat gaan jy agter laat in gister en wat vat jy saam in hierdie nuwe dag?

Wat is die NUWE dinge waarop jy gaan fokus?

Daleen Venter

Redaksie



## Gedagtes het gevolge


***Carina du Preez***

Die artikel is geïnspireer deur Dr. Caroline Leaf se boek, *Switch on your brain.*

**For God did not give us a spirit of timidity or cowardice or fear, but [He has given us a spirit] of power and of love and of a sound judgment and personal discipline [abilities that results in a calm, well-balanced mind and self-control. 2 Tim 1:7 (AMP)**

Die brein is die enigste orgaan in die liggaam wat nooit verouder nie, dit kan net verbeter. Elke oggend as 'n mens opstaan word nuwe senuwee selle in jou brein gebore wat jy die dag kan gebruik om bv. goeie gedagtes mee te bou. Die proses word neurogenese genoem.

- Goeie gedagtes = goeie keuses = gesonde denke
- Toksiese gedagtes = toksiese keuses = toksiese denke.




Die brein is letterlik soos 'n boom wat jy groei. Dit wat jy jou denke mee vul het 'n impak op jou geestelike en fisiese gesondheid. Ons het ontelbare takke wat ons groei deur ons gedagtes. Toksiese gedagtes breek hierdie takke en bane af.
Positiewe gedagtes en denke daarteenoor bou nuwe gesonde gedagtes wat die brein opbou en verbeter.

**Ek roep vandag die hemel en die aarde tot getuie teen julle dat ek die lewe en die dood aan jou voorgehou het, die seën en die straf. Kies die lewe, sodat jy en jou nageslag kan lewe. Deut 30:19 (AFR83)**

## Die denke heers oor jou gedagtes

**Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag. Mark 12:30 (AFR83)**

Wetenskap en die Woord wys dat ons as mense aanmekaar gesit is vir liefde en optimisme, dus wanneer ons negatief reageer kry die die kwaliteit van ons gedagtes en die argitektuur van ons brein seer. Negatiewe gedagtes is nie die normaal nie.

Ons denke en ons verbeelding verander die struktuur en funksie van ons brein. Daarom is positiewe/negatiewe denke en regte/verkeerde keuses wat jy maak die bepalende faktor wat verandering te weeg bring in die landskap van ons brein.

Ons is geskep deur God vir liefde. Wanneer ons in daardie perfekte liefde funksioneer – dit is – dat ons na die beeld van God geskep is, verbeter ons die vorm van ons denke en dan kan ons bevry word van wêreldse invloede op ons denke. **(Toe het God gesê: Kom Ons maak die mens as Ons verteenwoordiger, Ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip Gen1:26)**

Ons as mense kan nie gebeure en omstandighede in ons lewe beheer nie, maar hoe ons daarop reageer kan ons beheer.

Warren Buffet het gesê: "You will continue to suffer if you have an emotional reaction to everything that is said to you. True power is sitting back and observing things. True power is restraint. If words control you that means everyone else can control you".



## Ons het keuses

Die wonderlikste geskenk wat die Here vir ons gegee het is keuses. Ons het 'n keuse oor wat ons, onsself mee vul en waaroor ons dink. Die Here sê duidelik waaroor ons moet dink. "**Verder, broers, alles wat waar is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat pryswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig." Fil. 4:8 (AFR83)**

Ons God gegewe vermoë om te dink en te kies beteken dat ons vrye wil beïnvloed ons gedagtes wat weer ons gemoed toestand bepaal.

Ons brein aktiwiteit is gegeur deur ons gedagtes (herinneringe) wat ingeplant is in ons onderbewussyn oor tyd. Ons optrede en reaksies is gebaseer op wat ons al klaar opgebou het in ons denke en persoonlike ervaring.

Die kuns van goeie denkpatrone bou is ons reaksie op sekere gedagtes en ervarings. Dit word gebou deur hoe ons kies om dit te aanvaar en prosesseer. Ons moet buite onsself kan tree, ons eie denke en emosies kan bekyk, dit na God toe vat en dan daardie toksiese gedagte of ervaring verander in 'n positiewe herinnering met die hulp van die Heilige Gees.

## Want soos hy in sy siel bereken, so is hy. Spr 23:7 (AFR53)

Dr Caroline Leaf sê: "We are not driven by forces beyond our conscious control. We are accountable for every decision we make. We are highly intelligent beings with free will, and we are responsible for out choices".

Die vraag wat ons dan onsself kan vra is: Wat dryf ons keuses?

Die Here waarsku ons regdeur die Bybel om bewus te wees van ons gedagtes en dit in lyn te hou met Hom en sy wil.

**“Ons is deur ons sondige begeertes oorheers en het gedoen net waartoe ons luste ons gelei het en wat in ons gedagtes opgekom het.” Efs 2:3 (AFR83)**

Paulus waarsku die gemeente in Korinte in 2Kor 11:3 **“Maar ek is bang dat julle gedagtes weggelei sal word van die onverdeelde en suiwere toewyding aan Christus, net soos Eva verlei is deur die listigheid van die slang”. (AFR83)**Self Dawid sê in Ps 141:4 **“Hou my gedagtes weg van verkeerde dinge, dat ek nie in sonde verval saam met manne wat onreg doen nie, en dat ek nie deelneem aan hulle feeste nie”.** As die broeiplek van sonde in ons gedagtes begin, is dit baie belangrik dat ons beheer hou oor ons gedagtes. Die Here sê ook ons moet heers oor die sonde (Gen 4:7). God sal nie dit vir ons sê as Hy dit nie deur Sy Gees vir ons moontlik gemaak het nie.

## Nuwe denke maak nuwe mense

**“Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is, lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.” Efs 4:23-24**

Maar waar begin ‘n persoon om jare se gedagtes en denkpatrone af te breek en weer op te bou. Die goeie nuus is, ons het Jesus en Heilige Gees wat ons elke oomblik van elke dag help.

**“Mag die Here julle gedagtes rig op die liefde van God en die volharding van Christus!” 2Tes 3:5 (AFK83)**

## Die Brein Detox

Die brein detox is ‘n praktiese manier om ons almal te help ons denke te vernuwe. Dit vat 3 dae om ‘n slegte gewoonte te bou maar 21 dae om ‘n slegte gewoonte af te breek en ‘n goeie gewoonte in sy plek te bou.



Die aksieplan is 21 dae van vernuwe denke. Kry ‘n joernaal en volg elke dag die 5 praktiese stappe om nuwe gesonde gedagtes te bou en toksiese gedagtes af te breek deur die krag van die Heilige Gees.

**Brein Detox aksie plan**

*Dit is belangrik om te onthou dat enige verandering wat jy wil bereik altyd eers deur gebed en die krag en leiding van die Heilige Gees geïnspireer moet word.*

1. *Versamel Gedagtes* - Bid en vra dat Heilige Gees jou wys wat is sake waaraan jy moet werk soos bv. onvergewensgesindheid, negatiewe gedagtes teenoor ander mense en jouself en enige leuens wat die satan jou vertel wat nie die wil van God is nie.
   ***Lees Ps 139***

2. *Selfrefleksie* - Evalueer waar jy in hierdie bogenoemde sake staan bv. hoekom is jy nie bereid om iemand te vergewe nie. Hoekom glo ek hierdie leuen wat satan my vertel.

3. *Skryf/ joernaliseer* - Skryf daagliks (21 dae) jou gedagtes neer. Enige emosie of gevoel wat jy ervaar het. Al is dit hoe snaaks of vreemd.


4. *Herevalueer* – bestudeer die bogenoemde gedagtes, gevoelens en emosies wat jy ervaar het en vra jouself of dit in lyn is met God se wil is en wat HY oor my sê en wat ek moet oordink.

5. *Aktiewe veranderings plan* – Na elke gedagte wat jy neergeskryf het, skryf ‘n plan neer oor hoe jy hierdie gedagte op ‘n praktiese manier kan verander. Bv. as ek enige swaarmoedige gedagtes kry gaan ek Ps 23 vir myself opsê.

Na die 21 dae is dit baie makliker om ons toksiese gedagtes te identifiseer en 'n leuen van satan te herken. As 'n negatiewe gedagte opkom moet ek dadelik nee sê vir hierdie gedagte en besef dit is nie van God af nie en dit is nie deel van my nie. Ek neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak (2Kor 10:5) Dit is dus baie belangrik om bewus te bly van ons gedagtes! Elke gedagte het die vermoë om my op te bou en positief te verander of af te breek en my negatief, sinies en ongelukkig te maak.

DIE KEUSE VAN VERANDERING BLY MYNE – VREDE VS KONFLIK

My wens aan almal is Fil. 4:7 "**En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes wag hou in Christus Jesus." (AFK83)**



"Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is, lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig."

Efs 4:23-24



# Afgode in die Kerk

*Daleen Venter*

Wanneer ons lees van afgode in die Bybel dan lees ons dit dikwels met 'n tikkie minagting teenoor die Israelite. Want hoe kan hulle dooie goed aanbid? Hoe kan hul nadat hul DIE LEWENDE God beleef het , dooie stuk klip of hout aanbid?

Ek hoop om vandag jou gedagte te vernuwe oor hierdie afgode. Kom ons gaan kyk bietjie wie hierdie afgode is waarteen God die Israelite gewaarsku het.
In Jeremia 32 vers 35 lees ons die volgende oor Juda:
"... en hulle het die hoogtes van BAÄL gebou wat in die dal van die seun van Hinnon is, om hulle seuns en hulle dogters vir Molog deur die vuur te laat gaan. Iets wat Ek hulle nie beveel het nie en wat in my hart nie opgekom het nie, dat hulle hierdie gruwel sou bedrywe om Juda te laat sondig."

Daar is vele van hierdie tipe skrif en soms is dit verwarrend oor presies van wie gepraat word. Ons gaan egter op die twee afgode wat in hierdie vers genoem word fokus.

Baäl en Molog.

Wie was Baäl? Hy het bekend gestaan as die god van reën en dou. Die twee vogtigheid vorms wat nodig is vir die vrugbaarheid van die grond in Kanaän.
Ons lees waar Elia op Karmelberg die Baäl profete uitdaag en dood maak. Na dit laat God dit reën, wat bevestig God is die God van die weer.

Wie was Molog?

Ons lees van Molog onder die volgende name : Molech, Mollok,Milcom, Malcam.

Molog is die god van kinder offers deur vuur of oorlog.
Ons lees verskeie kere in Levitikus dat God Sy kinders waarsku om niks met die volke te doen te hê wat hulle kinders offer nie. Een van die hartseerste gedeeltes in die Bybel is wanneer ons lees van koning Salomo. Hy is bekend as

die tweede beste koning ooit. Hy het die tempel gebou. Ons weet hy het die meeste wysheid gehad van enige iemand wat nog ooit geleef het. Onder sy Koningskap het hy Israel tot 'n magtige ryk gebring. Hy regeer ook in 'n vrede tyd . Hy regeer in 'n tyd wat dit goed gaan met Israel. Deel van sy sukses en wysheid was dat hy met dogters van verskillende konings huise getrou het wat op so 'n manier sy guns bewerk het in daardie land van waar die konings dogter kom. So het hy verskeie lande se konings en regeerders aan sy kant wat natuurlik gehelp het met politieke stabiliteit en die rede was dat ander lande nie teen hom oorlog gemaak het nie. En hier kom die hartverskeurendste gedeelte. Hierdie vrouens maak dat hy sy eerste LIEFDE vergeet.

"En in die tyd van Salomo se ouderdom het sy vroue sy hart verlei agter ander gode aan, sodat sy hart nie volkome met die Here sy God was soos die hart van sy vader Dawid nie. En Salomo het agter Astarte, die godin van die Sidoniërs en agter MILKOM die verfoeisel van die Ammoniete, aan geloop." 1 Konings 11v 4-5

Ons kan baie dinge uit hierdie gedeeltes leer ek wil egter fokus op die feit dat Salomo een van God se opdragte verontagsaam het en dit was om met die heidense vrouens te trou. Die enigste rede hoekom God dit verbied het was omdat hulle Sy kinders sal verlei om hulle gode te aanbid. Ons sien dus hoe 'n sonde wat Salomo nie gedink het so erg is nie toegelaat word en dit lei tot 'n punt waar hy so ver in die sonde geval het dat hy 'n God aanbid wat LEWENDE KINDERS AS OFFERS VRA. Mense het letterlik hulle kinders in die vuur van hierdie god se arms gegooi met die veronderstelling dat dit vir hulle geluk sal bring. Hoe kan jy dink 'n dooie baba kan vir jou geluk bring?

Kom ons beweeg na vandag se tyd. In ons kerke of kom ons sê net in die algemene Christelike huishoudings het dit aanvaarbaar geword om voorhuweliks saam te bly. Ons kinders word blootgestel aan Ooms en Tannies wat skei en dan saam 'n nuwe maat bly voor hul dit eers waag om te trou. Ons jong mense bly om finansiële redes eers saam. Ons tieners sien dit. SEKS is nie meer heilig nie. Saambly sonde wat ons toelaat want dit is nie so erg nie...loop uit op miljoene aborsies jaarliks. In Januarie 2019 kom die statistieke van 2018 uit met die skokkende feite: Aborsie is die grootste oorsaak van dood wêreldwyd met 'n getal van 42 Miljoen babas in 2018. (200 duisend in Suid-Afrika en net so oor die 11 duisend in Limpopo en 28 duisend in Gauteng.)



42 Miljoen babas word geoffer vir ons geluk.

"Ek kan nie nou 'n baba hê nie want wat van my toekoms?"

Natuurlik is daar babas in huwelike wat ook geaborteer word meestal oor finansiële redes. Dus weereens, ek offer my kind op vir my finansiële geluk. Nou vra ek weer die selfde vraag as vir die Molog offeraars : "Hoe kan jy dink 'n dooie baba kan vir jou geluk bring?"

Op hierdie punt kan ons natuurlik vir Baäl inbring wat in vandag se tyd die bron van ons finansiële voorspoed simboliseer. Ons glo dat ons werk, ons besittings, ons geleerdheid (Wat ons dikwels gekry het ten koste van die babas wat ons dood gemaak het) ons beleggings en ons geld kan vir ons sorg. Hoe groot was ons skok nie nou met die Corona virus toe ons besef niks van die goed kan ons help nie?

Ons kan maklik dink maar die is nie my sonde nie. Laat ons eerlik wees met mekaar. As 'n Tsunami 'n land tref het dit net gebeur om almal wat daar bly wakker te laat skrik of het die hele wêreld geskrik?

God sê in Amos, Hy stuur droogte en Hy stuur sprinkane sodat ons wakker moet skrik.

As God waarskuwings stuur raak dit nie net die wat goddeloos leef nie maar vir my en vir jou wat ons eie geluk en gemak voor God se Heiligheid stel. Ons almal het deel aan die miljoene babas wat jaarliks sterf want ek en jy kyk anderkant toe as ons weet ons geliefdes wat sê hulle is in Jesus bly saam. Ons plaas druk op ons kinders om iets met hulle lewe te doen sodat hulle suksesvol kan wees. Sodat hulle vir hulle self kan sorg. Ons plaas druk op ons kinders om wêreldse standaarde te volg. Ons bring wêreldse standaarde in die kerk in. Ons meet ons sukses aan die wêreld. Kyk die subtiele druk wat uitgeoefen word? Ek gaan dit nie maak as ek nie suksesvol is nie. En babas staan in die pad van hierdie tiepe sukses.

Ek weet hierdie skok. Ek was net so geskok toe ek besef hoeveel aborsies word onder ons neuse gedoen. En ek kan nie meer my skouers ophaal en sê dit is nie my probleem nie. Want buiten vir die babas wat doodgemaak word

sterf die Mammas en Pappas stukkies vir stukkies binne-in hulle self. Hulle word later stukkende ouers en stukkende ouers maak 'n stukkende nageslag groot. HOE DRA EK EN JY BY TOT HIERDIE OFFER VIR MOLOG EN BAäL?

Kom ons kyk hoe wêreldse sukses die kerk in gebring is.

Is 'n finansieel vooruitstrewende kerk vir God sukses? Of is die klein huiskerk in China waar hul bid vir my en jou ten spyte van die feit dat hulle hul lewe kan verloor..is hulle nie meer suksesvol in God se oë nie? Waar sien ons ooit dat God 'n Kerk soek wat finansieel suksesvol is? God het van die begin af gesê hy soek nie 'n tempel nie. Hy het hulle toegelaat om een te bou en dit het hulle vernietig. Gaan lees maar hoe die konings afgod pale in die tempel van God gebou het. Afskuwelik? Dalk sit ons ook afgode in die kerke vandag? Miskien in die form van komitees, tradisies en geld? Ek sê nie hiermee ons moet nie kerk geboue hê nie..ek vra wat doen ons in die geboue wat ons vir GOD gebou het? Nee, ek praat nie van beeldjies en prente en versierings nie..ek praat van die ingesteldheid van die harte...die werklike TEMPELS van God.

Het satan gekom en die gode van ouds 'n ander kleurtjie kom gee? Ons weet mos as ons nie vir God is nie is ons vir die god van die leun satan. Satan se operandi is nog altyd die selfde . Hy weet wat is die mens se swak plek en hy kom kamoefleer die gode van ouds sodat ons hulle nie herken nie.

Ons lees oor die geskiedenis van God se volk in die Bybel hoe God keer op keer peste en plae stuur sodat Sy kinders weer na Hom kan draai. 'n Wêreld pes is te groot vir my om te sê dat dit net toevallig is. As Christene weet ons in elk geval dat niks sonder 'n rede gebeur nie. SO WAT IS DIE REDE vir die CORONA pes?

" Honger en hongersnood het Ek in elke dorp gebring. Nogtans het julle nie na my terug gekeur nie. Ek het gesorg dat dit nie reën wanneer julle dit die nodigste het nie, v 9 ek het julle tuine verskroei en julle wingerde met roes getref, Julle vyebome en olyfbome het die sprinkane afgevreet. Nogtans , sê die Here het julle nie na MY toe terug gekeer nie. " Amos 4 v 7-9 (Lees maar die hele Amos )



Wat as die rede vir hierdie pes : NOG N KANS IS.

Ons sien dit as so negatief en so verwoestend. Dit is nie net siekte nie. Ons verloor besigheid. Ons verloor geld. Ons lei honger. Ons kinders verloor skoolwerk. Ons verloor ons werke. Maar God sê as HY pes stuur is dit sodat ons na Hom toe moet draai.

Wat as hierdie Corona gebeur sodat ons kan sien wat in ons harte aangaan?

Hierdie is 'n kans wat God ons gee om die afgode wat ons nou dien, neer te sit. En weer terug te kom na die ENIGSTE LEWENDE GOD. Om terug te kom na die GOD wat vir ons asem gee. Die GOD wat ons versorg met klere en kos en werk. Die GOD wat niks vra wat ons kan offer nie behalwe ons HARTE . HY soek harte wat HOM liewer het as enige iets anders op hierdie aarde.

My oproep vandag aan elke een wat hier lees is om weer terug te kom in God se wil. Al die bogenoemde goed in ag geneem kan ons veroordelend wees teenoor almal wat alles so verkeerd doen maar dit is nie die antwoord nie. Want elke een van ons is ewe skuldig aan al hierdie goeters.


Ons moet soos Joshua sê : "EK EN MY HUIS...ONS SAL DIE HERE DIEN"(Joshua 24v15)

Kom ons begin soos die Israelite in Nehemia (Nem. 3 ) die muur voor ons eie huise herstel. Kom ons begin NEE se vir die verkeerde goed in ons eie huise. Soek God se wil in elke ding wat ons doen. Kom ons ondersoek die motief in ons eie harte. Kom ons vra die vrae oor hoekom doen ons goed. Maak dit sin waarmee ons besig is?

Paulus sê vir die Korinte in 1 Korintiërs 5v 9 tot 12 dat hulle hul nie moet ophou met mense wat onsedelik lewe nie. Hy maak dit duidelik dat dit nie oor die mense in die wêreld gaan nie maar die mense in die Kerk. Bedoelende dat as ons ons moes afsonder van sulke mense in die wêreld sal ons die wêreld moes verlaat maar ons mag nie sonde in die Kerk toelaat nie. Ons mag nie sonde in ons huise toelaat nie. Ons onderskat invloed. As ek heilig lewe motiveer dit die volgende persoon om heilig te lewe. Ons het nie nodig om ander te veroordeel nie. Dit is nie ons werk nie. Jesus het dit duidelik gemaak

ons werk is om almal se aandag op GOD te sit. Om ander aan te moedig om GOD liewer te hê as enige iets anders. Liewer te hê as die afgode van geld, kinders, aansien, drank, kos, seks, werk, geleerdheid.

Ek sluit af deur saam te vat . Die selfde afgode van die Bybelse tyd is steeds hier met nuwe klere aan. Die Corona is hier om ons oë oop te maak sodat ons besef ons het God nie eerste lief nie. God gee hierdie genade *venstertyd* vir ons. NIE OM VERDER TE SONDIG NIE maar om reg te maak. Kom ons begin by onsself en kies God eerste voor enige iets anders.



**Amos 5 v 14 :**

***"Doen wat goed is en vlug vir die kwaad, dan sal julle lewe! Dan sal Hy , die Here God , die Almagtig, by julle wees soos julle gesê het HY is. Julle moet die bose haat en die goeie liefhê. Sorg dat regverdigheid in die howe seëvier. Miskien sal die Here God die Almagtige, nog genade hê vir die wat oorgebly het van Josef se nageslag." DB***



# CHAOS TOT GELOOF

***George Le Roux***

Baie van julle hier local in ons gemeente sal my ken of het al van my gehoor. Wel ek is gebore hier in Thabazimbi en het ook hier skool gegaan ek is 'n lid van die Gereformeerde kerk in Thaba al vandat ek kan onthou. Ek het wonderlike ouers en is op die regte manier groot gemaak volgens my. Na matriek het my lewe 'n draai vir die ergste gevat ek is vrye teëls gegee en het verskriklik beginne drink, het dit ook nooit as 'n probleem gesien nie want ek was basies soos hulle sê 'n "geleentheid drinker" alhoewel ek elke naweek en soms tot in die week 'n geleentheid gemaak het om te drink.

Ek het op die myn begin werk en het toe nog steeds nie die drank as 'n probleem gesien nie. Ek het toe in 2002 by die Polisie aangesluit en is weg by die myn. Het nogal die opleiding en alles geniet.

Ek is toe in 2004 oorgeplaas na Northam Polisie Stasie en dit is waar my lewe begin draai het. Ek het al hoe meer begin drink om die stres en trauma van die werk te kan hanteer.

Ek is nog in daai jaar deur middel van die verkeerde vriende aan dwelms bloot gestel en het dit vir die eerste keer gebruik. Dit het so aan gegaan vir jare en my verslawing het toe al hoe erger geword. Dit het begin by net naweke en voor ek myself kon kry het ek elke dag gebruik.

Julle sien die ding van dwelms is dit is 'n maklike uitweg dit vat al jou gevoelens vir enige iemand of ding heeltemal weg. Dit maak jou ook van jou geloof vergeet en laat jou al verder van God af dwaal. Jy verloor

vriende, en familie wil naderhand niks met mens te doen hê nie. Die grootste ding is dat jy sal enige iets doen om nog meer te kry maak nie saak wie jy seer maak in die proses nie.

In 2008 het ek die besluit gemaak om “undercover” op dwelms te gaan werk dit was vir my 'n manier om weg te kom van Northam af en 'n manier om my verslawing te bly voed. Wel dit het nie goed gegaan nie ek het elke dag begin dwelms gebruik. Toe ek terug kom het ek gedink ek sal kan ophou maar kon glad nie. Dit was een van my slegste besluite in my lewe gewees.

In 2011 het ek geleentheid gekry om weer terug te kan gaan myn toe ek het gedink dat dit my dalk sou help om van die dwelms af te kom, ek was verkeerd dit het dinge net vir my erger gemaak. Ek het begin isoleer en dwelms by my huis gebruik wou glad nêrens heen gaan nie want ek was te bang iemand kom agter. Alhoewel my ouers op die stadium al geweet het dat ek dwelms gebruik. Ek het bly af siek boek by die werk net om meer te kan gebruik ek was baie in die moeilikheid daar gewees.

In 2013 het ek probeer hulp kry Dr. Buys en my ouers het my probeer help en ek is hulle vandag ewig dankbaar daarvoor. Maar niks het vir my gewerk nie. Ek het op 'n stadium gegaan vir inplantings om te probeer ophou maar dit was ook net 'n mors van geld gewees. Maar my desperaatheid was nog nie groot genoeg op die stadium nie ek was ook te hardkoppig en wou nie luister na ander se raad nie. Ek het maar aanhou gebruik en het begin steel en mense lieg en bedrieg net om nog meer te kan kry.

In 2015 het die myn toe gemaak en ek was baie gelukkig om oor te skyf sekuriteit toe as gevolg van my polisie ondervinding. Ek het begin



skofte werk maar het nie opgehou dwelms gebruik nie. Was 'n paar keer gestuur om te toets maar het dit ook so gemanipuleer soos nog iets. Op die stadium het ek myself diep in die skuld gekry as gevolg van die dwelms maar het glad nie om gegee nie.

Ek kan onthou dit was êrens in 2016 wat ek een aand weer alleen by my huis gesit en gebruik het wat ek net hardop begin bid het en vir God gevra het hoekom hy dit aan my doen en hoekom het hy my agter gelaat. Ek was alleen het niemand gehad nie dit was asof niemand my verstaan het nie. Ek kon net nie meer so aan gaan nie. Maar nog steeds het ek aangegaan en van daar af my geloof in God verloor. Ek het aangehou gebruik elke dag, my ouers het op die stadium net bly bid vir my want ek dink hulle het geweet dat niemand my sal kan help behalwe ek self nie.

Een Maandagoggend êrens in Januarie 2018 het ek oggendskof gewerk en was so moeg gewees van die naweek se gebruik dat ek besluit het om op 'n verlate pad bietjie te gaan slaap. Dit was 'n pad wat niemand ooit gebruik het nie dit is in die bos weg van alles af. Min het ek geweet dat my lewe van daai oggend af sal verander.

Ek kan onthou ek het weggeraak en toe ek weer sien ry die hele bestuur span insluitend die myn bestuurder verby my. Ek kan onthou dat van hulle my wakker gemaak het. Ek het geweet nou is dit verby. My voorman het my geroep en gesê ek moet by die mediese stasie rapporteer ek het dit toe gedoen maar met die gedagte dat ek dit maar net sal manipuleer soos tevore. Wel daai dag het ek positief getoets en kon niks daaraan doen nie dit is presies waar ek my “rockbottem” geslaan het. Met my hande in my gesig en trane wat vlooi het ek besef dat dit is nou verby ek gaan my werk verloor. Ek het net daar en dan

besluit nou is ek klaar met dwelms en het verskriklik begin huil maar nie van hartseer nie van blydskap dat dit verby is.

Twee weke later was my ondersoek en die werk het my 'n keuse gegee of ek hou aan met werk, of ek gaan vir behandeling. Ek het natuurlik dadelik die behandeling opsie gevat want ek het dit so nodig.

Hulle het my toe na 'n rehabilitasie sentrum gestuur in Pretoria en dis waar ek besluit het dat ek enige iets sal doen om skoon te bly. Ek het my 21 dae gebly maar was te bang om huis toe te gaan want ek het geweet tot waartoe is ek in staat. En het toe sommer besluit om nog 21 dae te bly.

In die rehabilitasie sentrum is ek voorgestel aan 'n groep mense wat mekaar bystaan deur verslawing en 'n lewens program volg. Ek het toe die besluit gemaak en het vir 'n jaar lank met die myn se ondersteuning elke Vrydag deur gery Pretoria toe en van hulle vergaderings bygewoon. Ek het toe hulle program beginne doen en het vir my 'n sponsor gekry wat my help daarmee. Ek het vir die eerste keer in baie jare ware vriende gemaak.


Deur die stappe van die program het ek agter gekom dat God my nooit verlaat het nie en dat dit Hy was wat daai Maandag oggend my gehelp het om die hulp wat ek so nodig gehad het te kry. En ek kon niemand blameer vir my verslawing nie behalwe myself. God het my aan die lewe gehou deur al die **chaos** want Hy het my nodig gehad om ander te kan help. Deur die doen van die program het ek al nader aan God weer gekom en vandag is my geloof sterker as wat dit ooit was.



Deur God se hulp is ek al meer as 2 jaar skoon van drank en dwelms af en geniet nou my nuwe gelowige lewe en sal dit verruil vir niks in die wêreld nie. Met die program en God saam het ek ook geen begeerte om ooit weer te drink of drugs te gebruik nie.

Vandag help ek ander dwelm verslaafdes hier in ons dorp, ek het begin vrywillig werk in my vrye tyd by Mongatane PUC net buite die dorp 'n geloof basis rehabilitasie sentrum waar ons mense met enige verslawing help. Ek het ook dieselfde 12 stap program wat my gehelp het daar geïmplementeer.

Ek wil net ten slotte sê as daar enige iemand daar buite is wat vasgevang is in verslawing asb. reik uit vir hulp en vra net daar is mense wat sal help. En dit is die eerste groot stap om te vra vir hulp.



***"Here my God, ek het na U geroep om hulp en U het my gesond gemaak." Psalm 30v3***

# Die Virus deur die oë van 'n kind

## Vakansie begin op 18 Maart?

**Deur Johann Meintjies**

Wat 'n heuglike oomblik was dit nie toe die eerste dag van die Paasvakansie aanbreek nie. Laggend en gillend en juigend word die einde van die eerste kwartaal begroet.

Eers was dit net 'n week van lekker rus… toe kom die aankondiging dat die vakansie langer gaan word. Dis opgewondenheid en 'n heerlike bonus.

Met 'n skok kom almal tot 'n besef dat alles nie pluis is nie. Koerante, TV en tydskrifte begin skryf en berig oor die vreemde siekte wat uitgebreek het.

Dis 'n vreemde woord, Corona virus. Iets wat die meeste van ons nog nie eers van gehoor het nie. Die meeste van ons het gedink dis maar weer net 'n snaakse ding wat iewers van oorsee hier na ons toe aangewaai het.

Dit was al te snaaks om mense te sien om met elmboë te groet en maskers te dra en sommer so ver van mekaar te staan!

Die ekstra vakansiedae het ewe skielik in 'n nagmerrie ontaard. Ons hoor hoe die grootmense praat van hierdie Corona virus of soos hulle ook gepraat het van Covid – 19.



Min het ons geweet dat hierdie virus ons wêreld met 'n storm sou verower. Dit het alles skielik verander. Die vakansie wat so lekker was, het nou soos 'n ewigheid begin voel.

Die virus het ook gemaak dat ons nie meer skool toe kon gaan nie. Die maatjies wat ons elke dag gesien het en so lekker mee kon praat en speel was nou skielik verby. Ons mag nie meer soggens skool toe gaan nie en ook nie meer voor skool lekker warm sjokolade by die snoepie koop om die naderende winterkoue weg te dryf nie.

Die gemis van ons maatjies in die klas het so 'n verandering gebring. Ons het ook nie meer 'n meneer of juffrou voor ons in die klas gehad wat die dag se werk so mooi kon verduidelik nie. Ons kon vrae vra en die moeilike goed beter verstaan.

Die skoolwerk wat ons nou moet doen kry ons nou oor ons selfone. Eers kon ons glad nie ons selfone by die skool gebruik nie, dit was sommer 'n groot oortreding van die skoolrëels, maar nou moet ons ons selfone gebruik! Sommer die heeldag. Dis ook goeters wat ons nie verstaan nie. Die onnies is nou sommer die selfoon ook. Eers is die ou selfoon verbode, nou is dieselfde ou foon ons meneer en juffrou. Wat 'n ervaring om skoolwerk sonder 'n meneer of juffrou te doen.

Ons moet maar op die mense by die huis staatmaak om daardie klein geskryf op die selfoon vir ons te lees en te ontsyfer en dan te verduidelik. Wat 'n verandering en ervaring is dit nie! Nou moet ons vroeg in die môre die foon aanskakel om te sien wat ons vandag by die huis vir skoolwerk moet doen.

Elke dag is maar dieselfde soos elke ander dag nou dat ons lekker vakansie nie meer ‘n vakansie is nie. Dis verskriklik om te weet dat ons nie uit mag gaan nie. Elke keer is dit ‘n masker opsit. Eers was dit baie snaaks om almal te sien ‘n masker dra.... maar party dra nie eers ‘n masker nie. Waarom weet ons nie. Dis mos wat gevra word wat ons moet doen. Party grootmense sê dat hierdie masker draery sommer net bog is.

Ons dink dis belangrik dat ons ouers ons die waarheid oor hierdie snaakse ding van hierdie virus vertel. Party woorde is so vreemd vir ons, dink maar aan pandemie, ekonomiese uitdagings en nog baie ander snaakse woorde.. Kan nie eers daardie moeilike woorde onthou nie.

Al wil hulle nie sê dat hulle nie weet nie is dit ook maar OK.
Ek dink die woord “lockdown” wat die grootmense gebruik, het ons gesin nader aan mekaar gebring.

Baie van ons ouers wat min tyd saam met ons deurgebring het is nou skielik elke dag en die heeldag by ons. Dit is so lekker om hulle by ons te hê. Ons het vir die eerste tyd baie tyd om saam te wees. Ons doen saam huiswerk en speel en gesels! Al verskil ons so baie van mekaar weet ons dat ons ouers ons aanvaar soos ons is.
Ons hoef nie die heeltyd vermaak te word nie, dis net lekker om by hulle te wees en dinge saam te doen.

Ons het nou ook meer tyd saam met ons ouers om meer oor ons verhouding met God te praat. Nou kry ons ook die geleentheid om saam geestelik te groei. Hulle verduidelik dat geestelike groei eintlik



beteken dat ons nie ons vertroue in God moet verloor nie, maar glo dat ons beskerm sal word deur al hierdie moeilike tye.

Wat nou ook baie vreemd is vir ons is, is dat die kerk nou nie meer in ‘n gebou is nie, maar in ons huise. Alles wat ons eers by die kerk gekry het, is nou ook op die internet of op ons selfone. Die dominee se preek en al die ander dinge wat in die kerk gebeur is nou ook soos ons skoolwerk op die selfoon te kry. Dis baie vreemd vir ons.

Ons het ook geleer dat hierdie virus nie ‘n verkeerde of regte antwoord het nie.Nou kan ons ook verstaan hoekom baie mense sukkel. Hulle sukkel omdat ‘n pappa of mamma nie meer werk het nie en daar nie geld is om dit te kry wat ons altyd aan gewoond was nie. Ons het ook geleer om waardering te hê vir dit wat ons elke dag nog het. Ons het ook geleer dat God ons nie sal verlaat nie.

Het ons vakansie regtig op 18 Maart begin?



# Vernuwe kinders se gedagtes

*Annetjie Potgieter*

***"Teachers that love to teach, create children that love to learn"***
***Anoniem***

Dit is my "motto" vir my poging om iets in 'n kind se lewe te beteken... As jy slegs EEN iemand se lewe kon aanraak, was dit 'n goeie dag... Soos die akteur Tim Theron in die film Klein-Karoo, gesê het.

Hoe gaan 'n mens te werk om kinders se denke te verander of te vernuwe?

Eerstens val jy nie met die deur in die huis nie, want kinders leer van die bekende na die onbekende of nuwe inligting, en nie van die abstrakte na die konkrete nie. Die mens is so geskep, dat jy eers met die konkrete moet begin, dit wat die kind al onder die knie het, en werk dan daar vanaf na die onbekende toe.

'n Goeie juffrou skep eers 'n interessante, rustige leeromgewing, waar daar nie te veel is om die kind se aandag af te trek nie. Dit moet egter genoegsaam wees om die belangstelling te prikkel, maar nie hul aandag so af te lei dat hul oor ander dinge as die onderwerp begin praat nie. Deur met 'n interessante aanslag 'n inleiding tot die onderwerp te hê, behou jy reeds die kind se aandag tot die proses van hernuwing van denke en die aanleer van 'n nuwe begrip.

As hul breine nou so ontsluit word, en gereed is om nuwe inligting te verwerk, is jou doelwit bereik.

Om 'n voorbeeld te gebruik... In baie gevalle is juffrou se drukkies en geselsies moontlik die enigste interaksie wat hul per dag met iemand het. Sommige ouers is so oorwerk en oorlaai deur die werksdag se verrigtinge, dat daar meestal min aandag aan boet of sus gegee word.



Juffrou moet eers na elkeen se geselsies luister, drukkies uitdeel, kop vryfies gee, voordat daar enigsins met die dag begin kan word.

Ek het ook die gebruik in my klas, dat ek met my medisyne blik sit, en voor ons op die mat Bybel en kring tyd het, eers almal se "eina's" dokter. Hier ontwikkel elke kind 'n skeet of kolletjie, wat mens nie eers kan waarneem nie! Maar... Jy as goeie juffrou SOEK daardie "seerplek", want dit is aandag en kinders floreer op aandag! (As daar nie een is nie, SIEN jy 'n seerplek raak! Maar gekoester en geliefd SAL jy hulle laat voel...

Indien jy dit nié doen nie, gaan jou les eindig by die kat wat gister kleintjies gekry het, of die nuwe hondjie wat gister die huisgesin kring kom vergroot het. Jy kan vergeet om as juffrou aan te gaan om nuwe inligting oor te dra, as jy hul nie eers toegelaat het om hul harte en hul gedagtes op die lappe te bring, en met juffrou en maats te deel nie! Dit is vir my die belangrikste en lekkerste deel van die dag, omdat jy dadelik kan optel wie rustig, tevrede en gelukkig is, en wie vandag ekstra aandag gaan nodig hê a.g.v. ontsteltenis oor iets. As mamma en boet vanoggend woorde gehad het, kom dit dadelik uit in hierdie spesiale "kuier tyd" met juffrou en maatjies. Geen les van enige aard kan begin word, voordat die hart eers op die mou gekom het nie... Dit is die belangrikste gebeure van die dag, en die grondslag van nuwe inligting!

Deur met aanvangskennis-vragies te begin, stel jy so vinnig vas wat die kind reeds weet, wat jy nog moet herhaal en inskerp, en wat jy maar as afgehandel kan beskou. Dit is wanneer die maats presies vir jou kan vertel wat jy aan hul verduidelik het. As hy nog boonop beter aan sy maatjie kan verduidelik wat die les se doelwit of kern was, is jou doelwit bemeester!

Dit is hoe elke oggend begin. Hul is al so bewus van die nuus wat met mekaar gedeel word, dat hul nie kan WAG om dit oor te dra nie. Dít is

wat goeie juffrouens doen, en vir wie die onderwys 'n passie is en nie net 'n beroep nie. Daarom dat my leuse van skoolhou, my passie so mooi uitbeeld.

Ek is die Here so dankbaar dat Hy my elke dag dra, dat Hy my elke dag die nodige krag en genade gee, om my werks take met ywer te kan verrig.

Filippense 4 : 4 is die vers wat ons elke dag die moed gee om aan te gaan. "Verbly jou altyd in die Here".




" Dit verseker EK julle : As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie"
Matteus 18v3



# Waarheen nou in die Onderwys?

*Ingestuur deur Alda Erasmus*
*(Geskryf deur Annelise Boot)*

Dis met 'n verdeeldheid in my hart dat ek vanoggend hierdie blog skryf...

Die afgelope weke, sedert grendel tyd begin het, wonder ek ook oor die Onderwys en hoe hierdie jaar gaan uitspeel. Opsies word oorweeg, scenarios in my gedagtes uitgespeel en die vrae is nou al net soveel as wat die antwoorde min is...

Ek het begrip vir ouers se kommer, kinders voel beroof van geleenthede, onderwysers is bekommerd oor hoe werk ingehaal en opgevang gaan word....elkeen het sy bekommernis en opinie binne hul verwysingsraamwerk….

*Vandag wil ek in eenvoudige taal probeer verduidelik wat die presiese impak* van verkeerde besluite gaan wees en hoekom sekere dinge nie net besluit en geïmplementeer kan word nie...miskien as jy die groter prentjie raaksien, sal jy besef dat alles nie so maklik is soos "maak die skole oop nie"....

Hou heeltyd in gedagte dat elke besluit wat geneem word in Suid-Afrika, NIE gemeet kan word aan internasionale eerste wêreldlande nie - ons is nie daar nie, nog lank nie en na Covid-19 twyfel ek of ons ooit daar gaan kom...so jy sal onrealisties wees om te dink dat ons kan kers vashou met Finland, Swede en Singapore...dis nie haalbaar nie… so vergelyk appels met appels...

Besluite wat gemaak word vir enige aspek van Onderwys moet gesien word teen die swakste en mees weerlose leerder in die hele land...dit moet tot daardie leerder se voordeel ook wees....en as dit nie is nie, is ons nie meer 'n demokrasie nie, is ons nie meer menslik nie en is daar 'n besliste diskriminasie waarteen ons die afgelope 26 jaar so hard veg...

**Hoekom kan kinders nie aanlyn klas kry nie?**

*Hulle kan! Maar nie ALMAL KAN nie...hier is die realiteit vir die wat die vraag vra: 'n ouer werk van die huis af en het een skootrekenaar waarop gewerk moet word om die salaris te verdien - in die huis is daar dalk meer as een kind in verskeie grade. Gestel daar is 'n matrikulant wat aanlyn klasse moet doen - wie werk eerste? Die graad 12, die jonger kinders of die ouer?

*Teen hierdie tyd het baie ouers hul inkomste verloor...wat weeg die swaarste - die besluit vir data vir aanlyn klasse of kos op die Tafel, winterklere, medikasie, vervoer? Want weet jy, daar is kinders wat vandag nie kan kies wat hy vir middagete wil hê nie, want daar is eenvoudig nie kos in die huis nie - hoe dink jy aan skoolwerk as jou magie skree met hongerpyne?

*Die grootste gedeelte van leerders woon in areas waar daar nie 'n skootrekenaar is nie, dus geen aanlyn klasse nie...watter agterstand word nou nie weer geskep nie? En ja, daar is dalk 'n ongeërgdheid by jou, dat dit nie jou probleem is nie, maar die realiteit is, dit is "iemand" se probleem - hoogs waarskynlik die onderwyser s'n wat die leerder in die klas gaan ontvang na grendel tyd. En so agterstand vang altyd op, êrens in die toekoms in die ekonomie.

**Hoekom kan kinders nie nou al skooltoer gaan nie?**

*Hulle kan! Maar is jy reg vir die gevolge? Gaan jy met die volgende kan saamleef:

*Onderwysers meld hoogs waarskynlik reeds 7:00 aan vir diens en word geskandeer. Nou kom jou kind by die hek aan...kan nie net ingaan soos gewoonlik nie, maar moet buite in 'n ry staan met sosiale afstand - in die koue winter - gaan jy nou weer kla omdat die kinders in die koue moet staan en kan siek word? Onthou hoekom dit gedoen word in die eerste plek.

Dit is dalk nog haalbaar as dit slegs een graad is van 200 leerders, maar elke twee weke word die leerders meer soos meer grade skool toe mag kom….sien vir 'n oomblik in jou gedagte hierdie prentjie….skandeerders gaan nie meer word nie, kinders wel….ouers sal nie hul kinders net kan aflaai nie, want kinders met 'n temperatuur van 38grade sal nie die skoolterrein kan betree nie en moet huis toe geneem word en getoets word.

Sodra jou kind die terrein betree gaan jou kind na 'n speelarea geneem moet word waar sosiale afstand gehandhaaf moet word.
Klas gee gaan heeltemal anders wees - almal sal voltyds maskers moet dra, sekere vakke soos liggaamlike opvoeding sal tydelik gestaak word, pouses sal in fases gehou word, drukkies en high fives sal verdwyn….geen warm kos by die snoepie in pouse nie.

Wie gaan jou kind skandeer?



*'n Opgeleide gesondheidsbeampte (25 000, een vir elke skool) moet volgens wet die skandering doen - geen onderwyser is opgelei daarvoor nie en ons regte is baie duidelik - ons is aangestel as ONDERWYSERS en nie as gesondheidswerkers nie….nou kyk, ek ken onderwysers en ek ken die hart van 'n onderwyser en weet jy, ons gaan aanmeld om kinders te skandeer...en hier is die volgende probleem en vraag...

*80% van kinders is asimptomaties en wys nie die simptome nie al is hul draers van die virus...wie gaan jy as ouer verantwoordelik hou as jou kind die virus opdoen by die skool? Die skool? Die onderwyser wat die skandering gedoen het? Die Onderwysdepartement? Wie? Want jy gaan iemand wil verantwoordelik hou, veral as mediese onkostes ophoop of kinderlyfies begrawe word....

Is jou kind gereed om verantwoordelik op te tree?
* 'n Klein hoeveelheid kinders sal wees, maar die meerderheid gaan soos gewoonlik hul streke uithaal, hulself toets om te sien hoe ver hul die grense kan druk….en dis hier waar ouers en onderwysers in groot konflik gaan tree, want skole het die reg om jou kind huis toe te stuur as jou kind die lewens en gesondheid van leerders en personeel benadeel of in gevaar stel tydens Covid-19.

En ek gaan die eerste een wees wat dit gaan aanbeveel en op aandring by my skool….hoekom vra jy ? Want ek is ook iemand met regte en ek wil ook nie my mense tuis se lewens in gevaar stel oor kinders nie die saak ernstig opneem nie….en dit is in my geval en die onderwysers waarvoor ek verantwoordelikheid neem, 'n nie-onderhandelbare saak….

Kan jou kind verantwoordelikheid neem vir sy/haar masker? Badkamer gebruik en toilet maniere? Jy besef dat 'n werker gedurende die hele skooldag die badkamer sal moet beman en skoonmaak na elke gebruik...stel jou daardie logistiek voor….en dan dink ons vir 'n oomblik aan skole waar daar geen water is nie en puttoilette nog die gebruik is (politiek tersyde - dis die realiteit)

Het jy iemand om jou kind direk na skool te kom oplaai aangesien daar nou geen na-skoolse aktiwiteite sal wees nie?

My kind mis soveel...matriekafskeid, sportwedstryde, kultuur balkies, akademiese kleure, kampe en toere en someer...

*Ek dink so benadering is baie selfsugtig - niemand het gevra vir hierdie virus nie, en glo my, elkeen, elkeen, ELKEEN in hierdie hele wye wêreld moes een of ander of twee opofferinge maak - jy is nie die slagoffer hier nie - en as jy vir so oomblik dink, sal jy besef dat niks wat jy het jou reg is nie, maar jou voorreg...wees dankbaar jy boet net 'n matriekafskeid in....ander verloor 'n besigheid, 'n inkomste, 'n geliefde....so kla bietjie minder oor alles wat jy gaan mis en verloor en steek bietjie hande uit en rol moue op en gaan help êrens in jou gemeenskap waar dit regtig saak maak...minder oor jouself en meer oor jou naaste...

Stel jou die agterstand voor as graad eens, twees en dries nie hul volle kurrikulum kan voltooi nie? Nog 'n generasie na die OBE fiasko wat nie behoorlike basiese beginsels en vaardighede sal hê nie....

Wie gaan skoolhou as die onderwyserkorps siek word? Dan gaan skole weer gesluit word en kinders tuis moet bly...

Ek het nog nie eers begin om skole met koshuise en leerders met fisiese uitdagings aan te spreek nie...die taak is enorm, die besluite gaan vêrreikende gevolge hê...so dis nie so maklik as om te sê "maak skole oop nie"....

Bemagtig jouself, lees en vors na, vermy skinder groepies op WhatsApp en Facebook wat  'n halwe gerug "êrens" hoor en dit dan verkoop as waarheid - nog erger is dat daar ouers is wat dit eet vir soetkoek...win kennis in...'n persoon met kennis kan ingeligte en goeie besluite maak, beter as skinderbekke...

Jammer vir ouers wat besef het dat hul kinders dalk nie die engeltjies is wat hul gedink het nie, wat moontlik nou besef dat hul dissipline taktiek 'n totale gemors is en dat hul eintlik meer toelaat as wat hul moes en dat daar oomblikke is wat hul regtig met hul hande in hul hare sit - ek hoop in daardie oomblikke het jy empatie met jou kind se onderwyser en 'n dieper waardering vir die opofferinge wat al gemaak is vir jou kind...dat jy in die toekoms die onderwyser met n tikkie meer menslikheid sal hanteer as die onbeskofte eie-ek wat soms by die hek opdaag...'n bietjie minder van jou en 'n bietjie meer van ander...

Departement van Basiese Onderwys doen baie dinge verkeerd maar eerder uitstel en nog konsulteer as iets aankondig en dan korrigeer of kanselleer! Wees dankbaar dat die unies so hard baklei vir almal se veiligheid i.p.v. net als oopgooi en bid vir die beste. Ek dink dit is wys om nog meer inligting in te win...wie hier wat so sug en kla en mor en opstand stook wil verantwoordelikheid aanvaar vir enige kind of kollega se siekte of dood....? Enige een? ....so gedink!



Ons is versot vir die onderwys en ek glo ek praat namens elke liewe onderwyser wat tans in die beroep staan...die uitdagings is groot en ons meld steeds aan...nie omdat ons nie iets anders KAN doen nie...dis omdat ons niks anders WIL doen nie...maar ons is ook net mense wat soms die bo-menslike moet vermag...

Dus, liewe ouers, liewe gemeenskap...ons kan nie net skole oopmaak nie, want elke besluit gaan 'n rimpeleffek hê op jou kind, wat vir ons net so belangrik is soos vir jou...want as ons moet kies watter lyfie moet siek word, weet jy, dan kan ons nie kies nie, want elkeen is vir ons belangrik...en vir elkeen is ons onvoorwaardelik lief.

Dink net voor jy praat en dink ook aan ander....daar is 13 miljoen kinders wat in ag geneem moet word...nie net joune nie....



***Wie het werklik wysheid? Wie kan verklaar wat gebeur? Wysheid maak 'n mens vriendelik, dit verander 'n strak gesig. Prediker 8v1***

# Nuus uit die gemeente

## *Verjaarsdae - 80 jaar en ouer:*

- **Marthie Erasmus** - 85 jaar - **24 Mei** - Wyk Pionierspark
- **Anna Scheepers**- 94 jaar – **2 Julie** - Wyk Pionierspark
- **Ina Venter** – 81 jaar – **5 Julie** - Wyk Bergsig
- **Lou du Plessis** - 81 jaar - **21 Julie** - Wyk Pionierspark
- **Nelie Swanepoel** – 80 jaar – **1 Augustus** – Wyk Marakeli
- **Chris Ehlers** – 91 jaar – **9 Augustus** – Wyk Nooitgedacht
- **Cielie van der Linde** – 85 jaar – **10 Augustus** – Wyk Florapark
- **Sussie du Plessis** – 80 jaar – **16 Augustus** – Wyk Pionierspark



**Foto ingestuur deur Marinda Steenkamp**



# 'n Hartseer sonsondergang

**Hoërskool Montana**
7 mins ·

ONS INNIGE SIMPATIE
Die Monties se harte is seer. Ons het verneem dat mnr. Bones van der Linde gisteraand oorlede is. Hy het diep spore in Montieland getrap, sy naam word byna altyd genoem wanneer daar gesels word oor Hoërskool Montana. Ons innige simpatie aan sy vrou, Magda, sy kinders, kleinkinders, familie en vriende wat vir hom lief was. Mag die Here vertroosting bring en mag mooi herinneringe in harte gegraveer bly. Ons groet 'n Montie-legende. Ons eer jou nagedagtenis, Bones van der Linde



# ’n Nuwe dag begin

**Philip en Elzaan se troue**

Hoe wonderlik is dit nie om ‘n besluit te neem om te trou, om reëlings daarvoor te tref en uiteindelik by die dag te kom wat die trou plaasvind. So is daar al in November deur Philip en Elzaan besluit dat hulle trou 28 Maart 2020. Verlof is gereël, naweek af is gereël. Daar is trourok gehuur, daar is iemand gekry wat die spyseniering sal doen. Tannie Mariaan is die beste, wat kos maak aanbetref, in Potch. Philip ken haar goed. Hy het haar tydens die vorige Sinode gehelp met kos maak. Daar is spesiale inkopie uittogte gereël om pakke en rokke, strooimeisie rokke, skoene, en noem maar op, in die hande te kry.

Hoe nader die dag vir trou gekom het, hoe meer is daar tussen Ronalda en Elzaan geskakel om seker te maak alles is op koers. Daar is ‘n fotograaf wat ingestem het om die troue af te neem, daar is gekyk na die gastelys. “n Vriendin het ingestem om die troukoek te maak, en natuurlik moes die hare, naels en grimering ook hulle plek kry tussen al hierdie reëlings deur.

Pa moes sorg dat sy hare geskeer is op die regte tydstip sodat dit die regte lengte kon wees vir die troudag, en Boetie moes dieselfde paadjie loop. Pa is gevra om die twee te trou, en Ds. Braam Robinson en Prof Albert Coetsee sou as seremonie meesters optree tydens die onthaal. Die Kerk is gereël vir die diens en die saal vir die onthaal. Aan die orrelis is die Psalms deurgegee wat gesing sou word. Sommer vier Psalms tydens die diens.

Toe gebeur dit. Maandag 23 Maart word aangekondig: **Lockdown**. Maart 27 sou dit begin. Wat ‘n konsternasie. Al




hierdie reëlings. Almal is gereed. Wat nou gemaak. ‘n Mens se gedagtes kan nogal goed werk terwyl daar ‘n “speech” gelewer word. Die President het gepraat. Pa sê sommer tydens die toespraak die troue moet voor die tyd plaasvind. Na die toespraak word daar gebel. Philip en Elzaan vra so ‘n oomblik tyd om te gesels. Driekwart uur later word daar weer gebel. Pa, Ma ons trou 25 Maart. Woensdag om 15:00 dieselfde Kerk, dieselfde alles. Dit verskuif net drie dae vorentoe.

Die kinders ry die volgende dag deur Potch toe. Pa en Ma se verlof is alreeds gereël. Die gastehuis se bespreking is op wonderbaarlike manier verander. **Siedaar!** Genadiglik kon ons troue hou. Ja minder gaste, ja minder predikante en Teologiese professore wat die troue bywoon. Net 12 en nie 22 nie. Dit het geskied.

Hoe wonderlik was dit nie om te sien hoe die Here tydens al hierdie dinge teenwoordig was. Hoe Hy beskik het dat dinge so mooi in plek kon val, hoedat Hy geleentheid gegee het dat die kinders kon trou en sodoende hulle lewe as getroudes op besondere wyse kon afskop. Al was daar nie wittebrood nie, en al was dit nie presies soos hulle dit beplan het nie, is alles gedoen en kan ons ons Hemelse Vader dank vir Sy genadige hand wat duidelik sigbaar was in alles wat gedoen is.

Dankie vir elkeen in die gemeente se gebede en gelukwense tydens hierdie wonderlike geleentheid wat ons kinders kon beleef en nog vorentoe sal beleef. Dankie vir elkeen se ondersteuning en raad. Dankie vir julle volgehoue bystand nou nog in alles wat ons doen.


Neville en Ronalda





# Kleinkinders

**Die wonder van oorbegin, nuwe begin, nuut dink, is nêrens anders so duidelik soos wanneer ’n baba gebore word nie. Met elke nuwe geslag , is dit ’n nuwe uitdaging. Nuwe dinge. Ouers wil dinge nuut dink en doen oor hul vars klein babatjies en Grootouers besef dinge het verander en hierdie baba gaan gedagtes vernuwe. Die liefde vir ’n kleinkind is blykbaar heel iets anders as vir jou eie kinders. Hoe dit ook al sy...Die trots waarmee hierdie Oupas en Oumas hul kleinkinders met ons deel is duidelik te sien. Hoe geseënd is hul net nie.**




***“ Kleinkinders is vir oumense ’n trots; vaders is vir hulle seuns ’n sieraad.”***
***Spreuke 14v 26***

## Magriet Erasmus en haar kleinkinders





## Prof en Rentia Erasmus en hul kleinkinders



## Gys en Riana Oosthuizen en hul kleinkinders



## Pieter en Anita Markram en kleinkinders en een van 5 agterkleinkinders




## Gys du Plessis en sy twee agter kleinkinders






## Esme du Plessis en haar kleinkinders




## Johann en Santa Meintjies en hul kleinkind



Hardus en Mariaan Du Preez en hul kleinkinders





Frans en Maureen Schutte en hul kinders en kleinkinders



Bennie en Eline du Plessis en hul kleinkinders





Gideon en Illona van der Merwe en hulle kleinkinders



Tinkie Coetzee en haar  kleinkinders






Dirk en Ronél Laufs en kleinkinders



Alda Erasmus se kleinkinders



# Diakonie Verslag Mei 2020

Soos ons almal weet is die diakonie se werk binne die gemeenskap van die gelowiges van uiterste belang. Ons sien maandeliks om na ons medemens binne sowel as buite ons eie gemeente. Ons wil ons dank aan die Here uitspreek dat Hy ons lidmate maandeliks lei om 'n bydrae te lewer wat wel onsigbaar vir meeste maar wel sigbaar vir ons behoeftiges is.

Ons maandelikse uitgawes is tans so effens meer as die vorige kwartaal se uitgawes. Die diakonie wil alle lidmate bedank vir die liefdegawes wat op so 'n wyse maandeliks aan ons geskenk word dat alles eintlik ten spyte van struikelblokke PERFEK uitwerk.

Die afgelope kwartaal se finansies lyk soos volg.

Liefdegawes ontvang: R55 084.60

Tjek rekening saldo op 1 Mei 2020: R62 559.13

Vaste uitgawes: R27080.00

Enige bydra tot die diakonie se fondse is tot seën vir ons as diakonie en die dienswerk wat ons daarmee verrig.

Vir enige verdere inligting rondom die diakonie se werksaamhede kontak ons asb. gerus.

**ABSA Thabazimbi (334-346) 1580280001**




# Grapkas

Ons leef in 'n wêreld waar ons soms voor die winkel stop en dan besef dat ons, ons masker by die huis vergeet het. Terwyl ons terug jaag wonder ons so half verwonderd : "Is ek dan Wonder woman of Batman dat ek moet terug jaag vir my MASKER?"

Ons het dit gepas gevind om 'n paar DIY voorstelle te plaas vir die wat inderhaas 'n plan moet maak vir 'n masker. Party van die voorstelle is meer kreatief en is vir wanneer jy weier om soos die res van die wêreld 'n ordinêre masker te dra.

Geniet dit!




**Thabazimbi "Tan"**


# Maskers moet hul dra










# Is jy gereed hiervoor, liewe Juffrou?

1.Juffrou Jaco het my masker geknip en gloopy glue opgesmeer.
2.Juffrou my masker se bandjie het gesnap.
3.Juffrou Heini  het my masker gevat en hy dra dit nou.
4.Juffrou my masker het in die kar weggeraak.
5.Juffrou ons kind het met sy masker gespeel toe raak dit weg.
6.Juffrou, mamma het gesê juffrou kan wag tot ons gepay het voor mamma 'n masker koop.
7.Juffrou my masker laat my sweet.
8.Juffrou my masker is te styf om my ore.
9.Juffrou maak asb. my masker vas.
10.Juffrou Karel sê ek het ñ lelike masker op.
11 Juffrou : Nico waarom was jy nie gister in die skool nie ?.Juffrou ek het my masker gesoek toe ry my ma sonder my.
12. Juffrou ek het pouse water gedrink toe raak my masker nat.
13.Juffrou my bril raak vol wasem dan kan ek nie van die bord af skryf nie.

14. Juffrou hoe eet ek met my masker op?
15. Juffrou Piet het sy neus met sy masker afgevee.
16. Juffrou Johan het n gat in sy masker geknip om beter asem te haal.
17.Juffrou...Jan bly my masker se toutjies trek terwyl ek op die mat sit en storie luister.
18.Juffrou Koos bly my rekkies van my masker trek en nous my ore al rooi geskiet.
19.Juffrou die hond het my masker geëet.
20. Juffrou, my masker het pouse in die modder geval!







# Kreatiwiteit

**Kreatiewe fotografie**



## Kreatiewe idees om kinders speel-speel te leer by die huis


















# Kreatiewe Koekbak

***Eline Du Plessis***

**Ons word in hierdie uitgawe bederf deur ’n spesiale stap vir stap verduideliking oor hoe om ’n sonneblom koek te versier.**

**Baie dankie Eline dat jy soveel moeite gedoen het om vir ons hierdie koekversiering vas te lê.**

**As jy nog altyd sulke mooi koeke soos Eline wou versier...Hier verduidelik sy jou nou presies hoe.**

**Stap 1**
**Begin met ’n koek wat versier is met botter versiersuiker. Meng jou kleure vir die volgende stappe . In die geval vir ’n sonneblom koek : geel en oranje. Verf die versiersuiker aan die koek met ’n kwas.**





**Stap 2**
**Meng jou kleure vir die sonneblom. In hierdie geval oranje, groen, geel en bruin. Pak die versiersuiker met ’n palet messie op die koek.**



**Stap 3**
**Wees kreatief en geniet dit.**



# Sonneblom koek



"Sunfllowers end up facing te sun, but they go  through a lot of dirt to find their way there." – JR. Rim



***Elke sonsondergang is 'n geleentheid om oor te begin***



***Pragtige sonsondergang geneem deur Jacobus Dreyer plaas Paddafontein Koedoeskop***